

Vrydag 6 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 7:17-24 (AFR53)

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 7:21-23

Slawe, maar nie van mense!

Dit is baie maklik vir ons om te sê dat ons geen mens se slaaf is nie, maar in die hedendaagse tyd is dit al moeiliker om so 'n beginsel te handhaaf met iets anders as woorde van ontkenning. Dan praat ons nie net van sake soos die geforseerde inentings teen Covid-19 of die staat se bepalings oor BEE oor besighede nie, want baie van ons is slawe van iets lank voor enigene van hierdie dinge bestaan het. Ons is slawe van salarisse en daardeur slawe van mense.

Paulus sê ons kan dit nie wees nie, want Christus het ons duur gekoop, ons is sy eiendom. Niemand wat aan die Here Jesus behoort, kan aan enigiemand anders ook behoort nie, so leer Christus Self in Matteus 6:24. Ons is in Christus juis vrygemaak van alles van hierdie wêreld.

Hiermee stel ons nie dat ons inkomste waarvoor ons werk, nie belangrik is nie, maar dat dit nooit die hoofrede vir ons werk behoort te wees nie. Ons moet werk omdat dit 'n opdrag is wat God ons gee van die skepping af en omdat ons daardeur Hom verheerlik. Ons werk om 'n dak oor ons kop te hou en kos op ons bord, maar veral om daardeur eer te gee aan God wat ons die bevel om te werk, gegee het; 'n bevel wat pas by ons omdat ons na sy beeld geskep is – en soos Christus dit leer, werk God altyd.

Om vry te wees, beteken ook soos in die konteks van 1 Korintiërs 7 dat ons nie ons siele verkoop aan ons werkgewers nie, want ons behoort nie aan hulle nie. Ons sal dus niks in ons daaglikse werk doen wat teen die wil van God ingaan nie, want Hom bly ons altyd gehoorsaam. Ons is immers in werklikheid alleenlik afhanklik van Hom. Ons kan sonder ons werkgewer, maar nie sonder God nie. Daarom stel ons sy wil voorop.

My lewe leef ek as slaaf of as dienskneg van God en dit in Christus wat my regverdiglik gekoop het met sy bloed, nie vir sy voordeel nie, maar vir myne. Dit moet wel dien tot sy eer, ook as dit kom by my werk.

Sing: Psalm 107-1:1

Ds. HFR Pelsers (Riekert) (Kemptonpark)